

## Regverdigmaking en heiligmaking vanuit Bybelse perspektief

Tienie Dumas

Regverdigmaking en heiligmaking is sinoniem. Hierdie twee begrippe behels reiniging en afsondering vir die diens van ons Hemelse Vader.

Dit is belangrik dat elke Christen gelowige volksgenoot die stappe van regverdigmaking en heiligmaking vanuit Bybelse perspektief reg sal verstaan.

“En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red. Wat baat dit ‘n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen? Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlijkheid en dié van die Vader en van die heilige engele.” (Lukas 9:23-26)

In Lukas 14:27 sê Christus: “En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie.” Nadat ‘n persoon vir Christus as Verlosser aanvaar het en wedergebore is, word hy uitdruklik met die eis van dissipelskap gekonfronteer. Dit behels ‘n verloëning van die eie-ek. Dissipelskap kan eers ‘n werklikheid word nadat die kruis van selfverloëning opgeneem is. So ‘n persoon sal dan toegerus word met die instaatstellende krag van die Heilige Gees.

Die opdrag aan die volgeling is duidelik: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.” Die wil moet by jou aanwesig wees om Hom te dien en te volg. Hier is ek, stuur my en gebruik my in U koninkryk. Ek is bereid om die evangelie van verlossing met my naaste te deel wat dit nog nie gehoor of aangeneem het nie.

Die voorwaarde wat aan die Christen gelowige gestel word, is dat hy homself moet verloën, sy kruis elke dag opneem en Yahshua (Jesus) volg. Dit is ‘n baie duidelike en belangrike opdrag hierdie: Verloën jouself, kruisig die eie-ek in jou lewe, daardie bedorwe sondige natuur waarna die Bybel ook as die vlees verwys.

Hoe doen ‘n mens dit? Jy maak ‘n eerlike oorgawe waarin jy alle sonde en wêreld gesindheid aan die Hemelse Vader bely en die volle beheer van jou lewe aan die Heilige Gees oorgee. Erken die nuttelosheid van die vlees, hou op om daarop te vertrou, en doen afstand daarvan deur dit aan Christus oor te gee. Jy moet bereid wees om saam met Christus te sterwe. Paulus sê: “Ek is met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.” (Gal 2:20)

Jy sal voortaan nie meer op jouself en jou eie vermoëns en prestasies roem nie, maar net in Christus alleen. Paulus sê: “Wat my betref mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld.” (Gal 6:14) Deur hierdie stap draai jy jou rug op die ou lewe. “So moet julle ook erken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees

nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.” (Rom. 6:11-13)

By ‘n mens se regverdigmaking het hy toegerekende geregtigheid ontvang omdat hy sonder werke deur die geloof gered is – dit is ‘n geskenk van God wat sonder enige verdienste aan sy kant aan hom toegereken word.

By sy oorgawe tot dissipelskap en heiligmaking word hy ‘n medewerker van God. Die Hemelse Vader help hom om die struikelblok van die vlees te oorwin. Hierdeur kry die Heilige Gees volle beheer oor sy lewe en kan hom vorm en gebruik. Dié persoon word dan nie meer deur die vlees gelei nie maar deur die Gees. Hy word minder, terwyl Christus in Sy lewe meer word. Die volle doel van sy bekering sal nou in ‘n lewe van oorwinning en diensbaarheid verwesenlik word.

Wat gebeur as ‘n persoon homself nie verloën en sy kruis opneem waaraan hy vir die wêreld en die wêreld vir hom gekruisig word nie? Iemand wat nog nie hierdie oorgawe gemaak het nie, is vol van homself. Hy verkondig net sy eie oortuigings en bevorder die saak van sy kerk of organisasie waarin die koninkryk van Christus nie noodwendig die eerste prioriteit is nie. Hy wil erkenning hê vir alles wat hy bereik, en blaas ‘n trompet voor hom om sy goeie daade bekend te maak. Voordat die dissipels met die Heilige Gees vervul is, was hulle ook vol van hulleself en het gewonder wie van hulle die grootste in die koninkryk van God was. Die vlees wil altyd voor in die ry staan en deur almal raakgesien word. In sy hart verag en verwens hy almal wat hom nie wil eer en ophemel nie, omdat hy voel dat hy nie kry wat hom toekom nie.

Waarom is so ‘n persoon met ‘n ongekrusigde vleeslike natuur onbruikbaar in die diens van JHWH (die Here). “Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal 5:17). Christene wat nog onder die heerskappy van die vlees is, soos dié in 1 Kor 3: 1-3, is selfgesentreerd, vol twis, jaloersheid en tweedrag.

Die rede waarom sommige mense se heiligmaking en oorgawe tot dissipelskap nie uitwerk nie, is omdat hulle nie besef dat hulle medewerkers van God in Christus Jesus is nie (1 Kor 3:9) en dat hulle moet oppas hoe hulle op die fondament bou nie. Alle Christengelowiges word gewaarsku om nie met verganklike dinge, hout, hooi en stoppels op die fondament Jesus Christus te bou nie (1 Kor 3:10-15). Vir sulke vleeslike Christene vra Paulus: “Weet julle nie dat julle ‘n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.” (1 Kor 3:16-17) Dit is ‘n baie ernstige aanklag teen hulle wat nie deur die Gees wandel nie. Hulle begryp nie ten volle dat die Heilige Gees van God in hulle woon nie, daarom bedroef hulle Hom deur openlik volhardend met sonde en ‘n wêreldse leefwyse voort te gaan.

'n Dissipel van Christus moet die beginsel van meewerkende geregtigheid goed verstaan. Hy is 'n medewerker van God daarom is daar bepaalde verpligtinge wat op hom rus. Werke, as 'n manifestasie van die vrug van die Heilige Gees, moet in sy lewe sigbaar word, want 'n lewende geloof moet noodwendig tot diensbaarheid lei. Jakobus sê: "Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie." (Jak 2:14) As 'n persoon nie vrug dra wat by die bekering pas nie, het hy 'n dooie geloof. Jakobus sê nie dat 'n persoon deur werke gered word nie, maar dat werke 'n noodwendige gevolg van 'n lewende en saligmakende geloof in Christus is.

Hoe anders kan ek die boom ken as om na sy vrugte te kyk? Ek kan nie in 'n persoon se hart sien nie, maar sy werke sal vir my aandui of hy 'n ware gelowige is of nie. Dit is die rede waarom Jakobus sê: "Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon" (Jak 2:18). Daar is 'n direkte verband tussen die twee. Christus het gesê: "Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy (die landbouer) weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra." (Joh 15:2) Die loot wat geen vrug dra nie, het geen bestaansreg nie, net soos wat geloof sonder werke ook nie op die ware lewe aanspraak kan maak nie.

Dit is opvallend dat Christus in Lukas 9:23 sê dat ons "elke dag" die kruis van selfverloëning moet opneem. "Neem jou kruis elke dag op en volg My." Waarom is dit nodig? Ons kan die oorwinning wat ons oor die vlees gehad het, weer verloor. Dan begin die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede, sy eiewaan en sug na grootheid, eer en rykdom weer na vore kom. Dit gaan ook met skewe en krom teologiese beskouings gepaard om jouself en andere wat in hierdie toestand verkeer, te regverdig, soos bv. om die werklikheid van die leer van heiligmaking te ontken. Die feit is dat jy dan nie meer deur die Gees van God beheer en gelei word nie, maar deur die vlees (die eie-ek). Vir die Galasiërs wat op 'n soortgelyke wyse in die genade veragter het, sê Paulus: "Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees? Het julle verniet so baie gely?" (Gal 3:3-4)

"Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie" (Gal 5:24-26)

Hiermee word nie bedoel dat dissipels van Christus altyd moet stil bly en nooit sterk standpunt moet inneem nie. Inteendeel – hulle word geroep om kragtig te stry vir die eer en waarheid van God se Woord. In só 'n stryd gaan dit egter nie oor eiebelang nie, maar oor die saak en belange van ons Hemelse Vader. Om bereid te wees om hiervoor kwaad te verdra, is 'n praktiese bewys van oorwinning oor die vlees. " 'n Dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra." (2 Tim 2:24) "Weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering." (2 Tim 4:2)

'n Ware dissipel moet begryp dat hy nie die Hemelse Vader in die krag van die vlees kan dien nie, maar slegs deur die instaatstellende krag van die Heilige Gees. Ons liggame moet as werktuie van geregtigheid in die diens van God gestel word. (Rom 6:13) "Nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe." (Rom 6:22) "Dra dan vrugte wat by die bekering pas" (Matt 3:8) "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is." (Rom 12:1-2) "Verkondig die Woord, hou aan tydig en ontydig" (2 Tim 4:2) In die uitvoering van hierdie en ander opdragte moet ons altyd onthou dat dit die krag van JHWH (die Here) is, wat deur ons swak liggame werk. Die eer en die roem vir die oorwinning kom Hom alleen toe. Vir alles wat Paulus in 'n lewe van diensbaarheid bereik het, het hy die eer aan die Hemelse Vader gegee. Daarom kon hy sê: "Ek het oorfloediger gearbei as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is." (1 Kor 15:10)

Mag JHWH (die Here) aan elkeen van ons die genade verleen om te besef wat die hoë roeping van God in Christus is. Hy wil ons nie alleen uit die duisternis tot sy wonderbare lig trek nie, maar ook van ons Geesvervulde dissipels van Hom maak – bruikbare werktuie in sy reddende regterhand. Dit is dan ook die smeekgebed van ons harte dat ons ook binne volksverband sal terugkeer na ons Hemelse Vader en 'n heilige volk vir Hom sal wees. Mag die Koning van die konings, wanneer Hy kom, ook aan ons as Gelooftevolk sê: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou Heer." (Matt 25:21)

Ons verwys ook na die uiteensetting wat die Nederlandse Geloofsbelydenis in Artikel 20 oor regverdigmaking gee, naamlik:

Ons Glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur aan te neem waarin die ongehoorsaamheid begaan is, om daarin voldoening te bring, en die straf van die sondes deur sy baie bittere lyding en sterwe te dra. So het God dan sy regverdigheid getoon teenoor sy Seun toe Hy ons sondes op Hom gelê het; en Hy het sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor óns wat skuldig en doemwaardig was, aangesien Hy sy Seun vir ons in die dood gegee het deur 'n allervolmaakste liefde en Hom opgewek het tot ons regverdigmaking sodat ons deur Hom onsterflikheid en die ewige lewe sou verkry.

In Artikel 24 word die volgende uiteensetting oor heiligmaking gegee:

Ons glo dat hierdie ware geloof, in die mens gewerk deur die gehoor van die Woord van God en die Werking van die Heilige Gees, hom wederbaar en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom vrymaak van die slawerny van die sonde. Daarom is dit so ver daarvandaan dat hierdie regverdigmakende geloof die mens koud sal laat word in 'n vrome en heilige lewe, dat hy inteendeel

daarsonder nooit iets uit liefde tot God sal doen nie, maar alleen uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. So is dit dan onmoontlik dat hierdie heilige geloof werkloos in die mens sal wees, aangesien ons nie van 'n ledige geloof spreek nie, maar van so een wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde werk, wat die mens beweeg om hom te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het; werke wat, as hulle voortkom uit die goeie wortel van die geloof, goed en God welgevallig is, omdat dit alles deur sy genade geheilig is. Intussen kan hulle nie in rekening gebring word om ons te regverdig nie; want dit is deur die geloof in Christus dat ons geregverdig word nog voordat ons goeie werke doen, anders sou hulle nie meer goed kan wees nie net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom goed is. So doen ons dan goeie werke, maar nie om iets te verdien nie – want wat sou ons kan verdien? - ja, ons staan by God in die skuld vir die goeie werke wat ons doen en nie Hy by ons nie aangesien dit Hy is wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae. Laat ons dan let op wat daar geskrywe staan: Wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen. Intussen wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawes bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, ons grond tog nie ons saligheid daarop nie, want ons kan geen werk doen nie of dit is besmet deur ons vlees, en ook strafwaardig; en al kon ons ook een goeie werk voortbring, dan is tog die gedagtenis aan een sonde genoeg by God om so 'n werk te verwerp. So sou ons dan altyd in twyfel verkeer, heen en weer drywe sonder enige sekerheid, en ons arme gewete sou altyddeur gekwel word, as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Saligmaker steun nie.